## 25 Augustus Genesis 2:1-3; Eksodus 20:8-11; Sondag 38

### *Die God-bedoelde rus*

Ses dae lank het God geskep met Goddelike wysheid, met bonatuurlike kreatiwiteit en vakmanskap, met groot sorg, met die allerfynste noukeurigheid, volgens sy volmaakte argiteksplan. Ses dae waartydens God die Vader geskep het, Hy deur sy Seun alles tot stand gebring het, sy Gees lewe aan die skepping gegee het. Ses dae ... en dan is die skepping voltooi. Die Skepper kan teruggaan en met voldoening sy handewerk waardeer: "Dit is baie goed!"

Dan, na die skepping, "op die sewende dag het Hy gerus van al sy werk wat Hy gemaak het". Hy rus egter nie soos 'n moeë werker nie. Sy rus is dié van die Skepper wat Hom voltyds in sy werk verlustig. Dit is die rus van die Koning wat sy handewerk onderhou en regeer.

As Adam en Eva op die oggend van die sewende dag wakker word, is die aarde ingerig as hulle woon- en werkplek. Hulle begin hulle eerste volle lewensdag met 'n Sabbat, 'n dag van verlustiging in God, van onbelemmerde feestelike gemeenskap met Hom.

Die eerste Sabbat vertel van God se oorspronklike bedoeling met die rusdag. Iets van daardie paradys-heerlikheid gee God aan ons terug in Jesus Christus. Dié genade maak die vraag by ons wakker: "Wie sou die HEER nie prys nie, as weer met nuwe gloed 'n rusdag ons begroet?"

Sing: Psalm 92:1, 2 Dr. V. Combrink (Andeon)